Stellenbosch Theological Journal 2017, Vol 3, No 1, 251–283
DOI: http://dx.doi.org/10.17570/stj.2017.v3n1.a12
Online ISSN 2413-9467 | Print ISSN 2413-9459
2017 © Pieter de Waal Neethling Trust

# Die stil stem van die vroue in die vroeë sendingwerk van *der Kaapsche Kerk*[1] in Njassaland (1896–1906) Deel I: Uitstuur- of opleidingskonteks

**Murray, Isabelle**
Universiteit Nkhoma
isabelm@adept.co.za

**Abstract**

Although by 1910 half of the staff of the "Kaapsche Kerk" in Nyasaland was female, their stories have scarcely been told. To give these women a voice, the author utilises two main sources: the newly retrieved personal diaries of Reverend Andrew George Murray[2] who arrived in 1901 in Nyasaland. Albeit written from a male perspective, the detailed diary-descriptions of the missionary work give an interesting depiction of the role and contribution of the female missionaries. This source is substantiated by the letters of Bessie Horne, who married *eerwaarde* TCB Vlok in May 1894, travelled to and lived with him at Livlezi until her death in April 1896. Her letters[3] reflect her ruminations during those few fever-ridden months. Corroborated by speeches, papers, letters, and "witnesses" written by various educators and female missionaries at the time,[4] the story of preparation, hardship and challenge, barrenness and "wildness", unfolds.

**Key words**

*Women; early missioniaries; Central-Africa; mission context; training*

---

1 Spelling oorgeneem uit Dreyer (1910:3).

2 The existence of these 21 diaries was not known to the 15 living grandchildren, and not read by any one since it was given to the Church Archives in Pretoria (in about 1993/4) by his second youngest son, William, who has been a missionary himself. The nature of the inscriptions is of a totally personal reflective and sometimes contemplative nature and differs in style from the formal 'stations reports' he had written – some of which are also available in the DRC of SA Archives, Stellenbosch.

3 Bessie Vlok's original letters seems to no longer exist, since only TCB Vlok's book *Elf jaren in Midden Africa* – in which extracts of her letters were published – could be located in the Archives of the Dutch Reformed Church in SA, Stellenbosch.

4 To distinguish the direct words, i.e. letters, dairy inscriptions, handwritten witnesses, of the missionaries and educators, the quotes are written in cursive throughout the text.

## 1. Inleiding

In 1997 skryf Isabel Phiri ter inleiding tot haar artikel oor *Doing Theology in Community* die volgende:

> Research into women's experiences in Africa has been established as an area of academic study by The Institute of African Women in Religion and Culture…in 1989. The Institute was formed out of a realisation that there very little literature written by African women about themselves.

Soortgelyk skryf 'n onbekende sendeling in die begin van die vorige eeu met betrekking tot die stil stem van die vroue in die sending:

> De wereld hoort genoeg van ons – van onzen arbeid, van onze moeilijkheden, van onzen misslagen, van onzen welgeslaagde ondernemingen; maar heel weinig van degenen die ons lot deelen, – die, hoewel aan meer ongerief blootgesteld, met meer lijdsaamheid dat ongerief weten te ontmoeten, en hoewel zwaarder beproefd veel meer zegen hebben genoten.[5]

Die min prominensie wat aan die stem van die vroue in die sending verleen is, is nog vreemder gegewe dat die jong vroue verbonde aan opleidingsinstansies soos die Hugenoten Dames Seminarie,[6] sterk rolmodelle van 'n diens-, leiers- en onafhanklikheidsingesteldheid in hul beskermvrou, mev dr Andrew Murray (Emma),[7] en hul onderskeie opleiers gehad het. So het drie van die sleutelfigure in die voorbereiding en opleiding van vroue vir die sending – Emma Murray, en Abby P Ferguson en Anna E Bliss van Hugenoten Dames Seminarie – gedien op die bestuur van die

5 Dreyer, 1910:17

6 Daar word verskeie weergawes en spellings van die Hugenoten Dames Seminarie in die publikasies en ongepubliseerde werke gebruik. In hierdie artikel word die meer algemeen gebruikte Nederlandse weergawe Hugenoten Seminarie gebruik, behalwe wanneer daar direk na die Engelse vorm (Huguenot Seminary) in publikasies verwys word. Voorts moet daar ook gemeld word dat die instansie amper van meet af verskeie veranderinge tov die naam en spesifieke samestelling ondergaan het, wat vir die doel van hierdie artikel nie omskryf word nie.

7 Emma Rutherfoord (10 Julie 1835 tot 2 Januarie 1905) tree in 1856 met Andrew Murray in die huwelik.

Woman's Christian Temprerance Union (WCTU) wat in 1892 die eerste aangetekende petisie[8] voor die Suid-Afrikaanse parlement gebring het.

Alhoewel daar enkele voorbeelde te vinde is van Christen vroueskrywers[9] wat in daardie tydvak gepubliseer het – dus hul "stem laat hoor het" – moet daar in gedagte gehou word dat die Afrika-konteks[10] waaraan die eerste sendingvroue blootgestel was, vér verwyder was van die meer beskaafde en beskermde konteks van die opleidingsinstansies.[11] Die eerste vroulike uitgestuurdes na Njassaland het ongetwyfeld 'n hoë vlak van ongerief en beproewing ervaar, wat waarskynlik tot die stilswye van die vroue bygedra

---

8 In die publikasie *A Brief History of the Woman's Christian Temperance Union in South Africa* (1925:6) word die vroeë werksaamhede beskryf, waar ondermeer die bydra tot aktivisme: "…the earliest record of a petition being presented to Parliamanent were two petitions brought forward by the W.C.T.U. Two petitons were framed, one aksing for repeal of the first part of the C.D. Act and a second asking that the age of consent be raised to 18 years".

9 In 'n insiggewende artikel oor die vergete Suid-Afrikaanse Christen vroueskrywers wat reeds tydens die middel en einde van die negentiende eeu publikasies die lig laat sien het, verwys Van Beek (2010: 201–222) ondermeer na Susanna Smit ('n omvangryke dagboek gedateer 1843–1858 en gedigte), Ella Neethling (o.a. skrywer vir en vanaf 1904 redakteur van die blad *De Wekker*) en Maria Murray Neethling, gedurende haar leeftyd as 'n bekende skrywer geag. Uit die pen van Maria Neethling, verskyn 'n eerste boek in 1898 met as tema die lewensverhaal van haar seun William Neethling (Willie), na sy skielike afsterwe in 1896. Sy het veral onder die outeursnaam "M.N." of "Neethling" geskryf en haar publikasies sluit in heelwat artikels in die tydskrif *De Wekker* en verskeie boek soos *Zondagachtermiddag* en *Vergaderede Leliën* (1900), 'n bundel sketse oor vroeggestorwe kinders (Van Beek, 2010:211). 'n Ander publikasie met verhale en/of kort biografiese sketse van vyf vroue in die sending (Mary Slessor, Pundita Ramabai, Dr Susie Rynhart, Mary Reed en Annie Stofberg) verskyn, is *Vroue Sendelinge* van JWL Hofmeyr, uitgegee deur die Medesending Arbeidsters Beweging van die Kaap Provinsie, waarskynlik in die vroeë 1920's. Heelwat later verskyn die briewe van Emma Rutherfoord Murray (Mev dr Andrew Murray) in twee publikasies deur haar dogter, Joyce Murray, geredigeer: *In Mid-Victorian Cape Town: Letters from Miss Rutherfoord* (1953) en *The young Mrs Murray goes to Bloemfontein,* 1834–1905 (1954).

10 In 1888 skryf een van die sendingvroue in 'n verslag oor die werksaamhede: "…Mrs. Mabille is as wonderful in her way as he husband is in his. She takes charge of house, garden, fields, of their 36 Bible boys, their food etc., and…this is a country where there is no market, no butcher's shop, no fuel, no blacksmith, no carpenter" (K-DIV 636 A). Bessie Vlok se briewe bevat "ooggetuie-beskrywings" van veral die natuurlike vyande, afgesonderheid, ongereptheid en primitiewe huishoudelike omstandighede van die stasies in Njassaland aan die einde van die 19$^{de}$ eeu (Vlok, 1901).

11 Annie M Wells kom in Oktober 1874 na Suid-Afrika as een van die opleiers vir die Hugenoten Dames Seminarie, Wellington. Sy skryf volledige en hoogs insiggewende briewe met betrekking tot die sosiale, ekonomiese, kulturele en fisiese/natuurlike omstandighede wat sy in die Wamakersvallei – waar Wellington geleë is – aantref (K-DIV 605).

het. Die volgende mededeling by monde van een van die sendelinge, eerwaarde TC Botha Vlok,[12] ten opsigte van sy eerste vrou, Bessie Vlok, néé Horne,[13] werp wel lig hierop. Kort nadat sy begin onderwys gee het, meld dié Riversdalse jongvrou haar vir die sending aan:

> In het begin van 1894 had zij zich aangeboden voor de Nyasa-Zending als arbeidster … Tegen einde van dat jaar maakten wij kennis, en in Mei, 1895, traden wij in het huwelijk. In Juni, 1895, werd zij los gescheurd van hare dierbaren, en gingen wij naar Njassaland om des Evangelies wil. Wij wisten wel dat daar de mogelijkheid was van betrekkingen en vrienden nooit weer op aarde te zien, doch konden nimmer denken dat haar tijde op aarde zoo kort en smartvol zou wezen.[14]

Bessie se stem het voortydig stilgeraak toe sy na verskeie malaria-aanvalle slegs sewe maande na haar aankoms op Livlezi – ’n stasie wat bekend gestaan het as “zeer ongezond te zijn” – aan malaria beswyk het.

Dreyer[15] argumenteer dat in die lig van die gebrek aan geboekstaafde inligting en die gevolglike afwesigheid van die “stem van die vrou” in bestaande dokumente, niemand werklik weet “wat de vrouwen der zending hebben te verduren … [d]e eenzaamheid, het ongemak, de heidensche wreedheid en onzedelijkheid, de bittere teleurstelling soms na jarenlang arbeid – zij laten zich niet altijd onder bewoording brengen”.[16] Ondanks hierdie leemte, vervolg Dreyer, mag “de edele vrouwen, wier se namen wel

12 Eerwaarde TC Botha Vlok arriveer in 1889 in Njassaland en is, as die “oudste arbeider” daar, aktief betrokke by die keuse van ’n arbeidsveld. Aanvanklik arbei hy op Mvera Sendingstasie en “…alhoewel men dijkwels over teleurstellingen en over de koudheid en onverschilligheid der inboorlingen klagen had, was er toch altoos [he]t een en ander dat tot dankbaarheid stemde, en na zes jaren kon men de eerste bekeerlingen doopen” (Dreyer, 1910:59). Na die dood van sy eerste eggenote (Bessie Horne) in Maart 1896, trou hy in 1899 met Margaret Blake (van Wellington) wat jare lank saam met hom op Nkoma, Mvera en later Kongwe stasies werk (Vlok, 1901:iii).

13 Bessie Vlok (néé Horne) was die eerste eggenoot van eerwaarde TCB Vlok en het na hulle huwelik (Mei 1895) saam met hom na Livlezi, Njassaland (Junie 1895) vertrek. Na haar aankoms (September 1895) werk sy enkele maande saam met hom tot haar voortydige dood op 2 Maart 1896 (Vlok, 1901:87–100).

14 Vlok, 1901:87–88

15 Ds A Dreyer, jarelange sendingsekretaris, is die samesteller en skrywer van die *Historische Album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika* (1910).

16 Dreyer, 1910:17

niet bekend zijn in de geschiedrollen van Zuid Afrika" se rol nie geminag of vergeet word nie.[17] Daar is egter weinig wat gedoen kan word om hierdie leemte reg te stel, aangesien "…die groot skare" vroue-stemme van die vroeë sendingwerk reeds stil geword het. Die navorser is aangewese op beskikbare geskrewe "eerstehandse" meedelings, soos gevind in dagboeke, briewe, notas, handgeskrewe toesprake of oordenkings om, soos deur die metodologie van aksie-navorsing[18] vereis, die "direkte stemme" van die vroue te laat opklink.

Die "ontdekking" van 'n reeks dagboeke (1892–1922) van een van die vroeë sendelinge, ds Andrew George Murray,[19] bied die navorser egter direkte toegang tot eerstehandse data – weliswaar by monde van 'n man – met betrekking tot die rol en insette van die vroue in die sending teen die draai van die vorige eeu. 'n Tweede, relatief onbekende bron, is die briewe wat die jong Bessie Vlok geskryf het tussen Junie 1895 en April 1896.[20] Laastens word daar gebruik gemaak van 'n aantal eerstehandse "getuienisse" van dames in die sending,[21] asook toesprake en briewe geskryf deur eertydse opleiers soos Anna M Cummings, Abby P Ferguson en Annie M Wells.[22] Gebaseer op 'n ontleding van die "stories" vervat in dié primêre bronne word daar gepoog om van die sendingvroue by name te identifiseer en 'n stem te gee.

17 Dreyer, 1910:16–17

18 Volgens die metodiek van aksienavorsing, is dit noodsaaklik om die direkte "stem" te hoor van die nagevorste partye om sodoende die geleentheid te skep "…for reflection on experience and practice…" (Osmer R.R. 2011; vgl Murray, 2013:35).

19 Ds Andrew George Murray se 21 dagboeke (1892–1922), asook enkele notules en briewe gerig aan die destydse sendingsekretaris, ds Danie Theron en 'n aantal finansiële state is (waarskynlik in 1993/4) deur William Murray, 'n seun van ds AG Murray, aan die Sinodale Argief in Transvaal geskenk. Die navorser, 'n kleinkind van ds AG Murray, het die versameling in Januarie 2015 in die NG Kerk in SA Argief te Stellenbosch (DIV 1430–1432) opgespoor en is die eerste persoon wat dit as navorsingsbron ontgin.

20 Uittreksels uit Bessie se briewe aan haar ouers en vriende geskryf tussen September 1895 tot Maart 1896 verskyn in Vlok se boek oor sy wedervaringe *Elf Jaren in Midden Afrika* (1901).

21 Ongepubliseerde, handgeskrewe getuienis van Martha Murray, Njassaland en mev J Murray (néé Minnie Hanzmeyer), Zandfontein beskikbaar in NG Kerk van SA Argief (DIV 163, 1899).

22 Briewe en ander dokumente beskikbaar in die NG Kerk van SA Argief, K-DIV 606; K-DIV 606.

Ten einde die konteks waarbinne hierdie eerste vroue sendelinge opgelei is en gearbei het, volledig toe te lig, is daar twee hooffokusareas geïdentifiseer, naamlik die plaaslike Suid Afrikaanse of uitstuurkonteks en die Afrika of sendingkonteks. In hierdie eerste artikel is die fokus op die uitstuurkonteks. Ter inleiding, word die aard van die bronne en die agtergrond van die outeurs kortliks aangeraak. Hierna volg 'n oorsig van die opleidings- en politieke milieu, met spesifieke aandag aan die destydse kerkleiers en -opleiers se sendingingesteldheid, rol en bydraes. Die sosiale en kulturele agtergrond van die jong vroue wat aangemeld het vir die opleiding word bespreek en daar word bespiegel oor die moontlike "eienskappe" van die vroue. Aan die hand van die "direkte getuienisse uit die veld"[23] word daar besin oor die vroue se insette en bydraes tot die kerk se sendingaksies. In die tweede artikel word daar aandag gegee aan die Afrika of sendingkonteks ten tye van die aanvang van die sendingwerk in Njassaland. Die fokus is op die jong uitgestuurdes se, sover moontlik, verbatim weergawe van hul ervarings, omstandighede en die ontberinge waaraan hulle blootgestel is, sowel as hul perspektief op die plaaslike mense en die werk. Daar word oorsigtelik besin oor die rol en bydraes van die vroue in die sending gedurende die afgebakende tydperk, 1890–1910.

## 2. Die bronne en die skrywers

Alhoewel een ooglopende tekortkoming die feit is dat hier dus nie hoofsaaklik vanuit 'n vrou se perspektief geskryf word nie, is AG Murray se dagboeke 'n ryk en kleurvolle bron van feitelike gebeure, verwysings, refleksies, sowel as persoonlike inskrywings ten opsigte van die rol en bydrae van die vroue gedurende die tydperk 1896 tot 1906. As jong vrygesel maak hy kort na sy aankoms in Mei 1901 op sy eerste missie te Mvera Sendingstasie[24] kennis met 'n aantal vroulike medewerkers,[25] meesal

23 Vanuit verskillende bronne (dagboekinskrywings, briewe en handgeskrewe getuienisse) soos aangetoon in voetnote.

24 Na sy aankoms op Mvera Sendingstasie, Njassaland (Mei 1901), is ds AG Murray werksaam op verskillende stasies, naamlik Livlezi (1901–1902); Mphunzi (1903) en Mlanda (1904–1907) (DIV 1431, Boek 4–10).

25 Die volgende vroue-medewerkers was op naby-geleë stasies: mejj Soyland, Martha Murray, Martha Zondagh, Isie Hofmeyr (vroeër verbonde aan die inrigtings vir doofstommes en blindes te Worcester; in 1898 deur Vroue Sending Bond uitgestuur na Njassaland om daar ook met gestremdes te werk [Dreyer, 1910;104]), Gezina Dill,

op nabygeleë stasies. Sy toekomstige bruid, Mathilda (Tillie) Theron,[26] ontmoet hy sowat 'n jaar later op 'n aangrensende sendingstasie, Nkoma. Noodwendig is daar tydens die hofmaking en ná sy huwelik met Tillie[27] meer dikwels verwysings na die rol en insette van die vrou en die impak van haar teenwoordigheid in sy lewe, soos sy praktiese pogings om te midde van die "ongereptheid" omstandighede vir haar so aangenaam moontlik te maak: "White washes bedroom and sitting room while Tillie is away…Also varnishes windows…Busy all day cleaning, varnishing and firering [sic] up house all round, as I expect Tillie home tomorrow."[28] Die sleutelrol en -plek wat die vroue op die stasies vervul het – minstens gesien vanuit die manlike perspektief, blyk uit die volgende woorde: "Tillie and Baby back! The house and whole station is changed having them back."[29]

Eweneens bevat die gepubliseerde uittreksels uit Bessie Vlok se briewe, alhoewel oor 'n kort tydperk geskryf, waardevolle inligting oor haar belewenisse en verpligtinge as sendingvrou. Bowenal blyk die omvang en diepte van haar geloof en roepingsbewustheid ongeag uiters moeilike omstandighede, helder uit Bessie se "gesprekke" met haar familie en vriende. Die veelvuldige briewe en toesprake van verskeie rolspelers

---

Bertha Helm en L Stegmann, asook die eggenotes van verskeie sendelinge, soos mevv William Murray, Vlok, Van der Westhuizen, Van Heerden en Smit (Vlok, 1901:105).

26 Volgens die eerste dagboekverwysing (in Desember 1902) na "Miss Theron", is sy teen 2 Desember 1902 op Nkoma Sendingstasie (Murray, 1902:345, DIV 1431, Boek 5). Mathilda (afwisselend geskryf Tillie/Tilly of in sommige vroeëre inskrywings "Lily") Elizabeth Theron (3/04/1876–5/10/1960) was die dogter van Willem Wouter Theron en sy tweede vrou, Anna Helena Mageretha Krige in die Wamakersvallei (Tulbagh). Benewens sewe half-broers en susters, het sy twee eie susters en twee broers, van wie een die bekende Boereverkenner, Daniël (Danie) Johannes Stephanus Theron (09/05/1872), was. Die navorser kon geen dokumentasie rakende Mathilda Theron se skoolopleiding opspoor nie. Sy kon moontlik dieselfde pad as haar broer Danie geloop het – hy is op tienjarige ouderdom weggestuur uit Tulbagh om sy skoolopleiding aan huis van sy halfbroer in Betlehem, OVS, te deurloop. Daarna het hy sy kwalifikasie in die onderwys in 1889 te Kaapstad behaal. [Aanlyn eskikbaar: http://www.instinsky.de/Boer_War/ Danie_Theron/danie_theron.html]. Daar is wel in die lys "pupils" in drie van die *Catalogues of the Huguenot Seminary* 'n verwysing na "Lily" Theron, te wete in 1887 (Standard III); 1888–1889 (Standard IV) en 1889–1900 (Standard V) (K-DIV 621). Die katalogus vir 1901 bevat nie 'n lys van studente nie, maar daar kan geredelik afgelei word dat Lily (Tillie) haar Standard VI voltooi het alvorens sy gedurende 1902 na Njassaland vertrek het.

27 Hul tree op 5 April 1904 op Nkoma in die huwelik en werk tot 1907 hoofsaaklik op Mlanda en Mphunzi stasies (DIV 1431, Boek 7–10).

28 Murray, 1905:184–191

29 Murray, 1905:192

verbonde aan die *Hugenoten Dames Seminarie,* stel die navorser in staat tot die rekonstruering van die opleidingskonteks. Enkele handgeskrewe "getuienisse" dien as voorbeelde van die vroeë vroue se refleksie op hul werk, hul omstandighede en hul vurige aansporing van ander om in hul voetspore te volg. Terselfdertyd verbeeld die getuienisse en briewe[30] die vroue se innerlike uitdagings, worsteling en oorwinnings.

## 3. Uitstuurkonteks: Politieke, opleidings-, sosiale en kulturele agtergrond

Anna M Cummings, een van die toonaangewende opleiers van die destydse *Hugenoten Dames Seminarie,* skryf in die 1880's die volgende inleiding tot 'n werwingsbrief[31] vir fondse en ondersteuning vir haar besoek aan Amerika:

> Nowhere in the world is history making more rapidly to-day than in South Africa. Nowhere is there a land of brighter promise, in spite of the shadow under which the Dark Continent has rested for these centuries. More precious treasures than the diamond fields of Kimberley or the gold fields of the Transvaal have yet disclosed, are awaiting the arrival of consecrated missionary diamond-diggers, soul-winners, in the vast regions opening today in Africa, through the energy and capital of the money kings that sit in their comfortable offices in the great cities of this and other lands. These magnates stretch out their hands to Africa, build railroads, construct telegraph lines, and, impressing the black man into service, search out hidden stores of mineral wealth and convey them

30 Handgeskrewe getuienisse van mej Martha Murray (Mvera), mev Miemie Gonin (Mochudi), mej Deborah Retief ("…de toegewijde en moedige zuster … [die] twee jaren lang het werk [te Mochudi] blijven aan den gang houden totdat daar weer een zendeling heen gezonden word" [Dreyer, 1910:40]), "L.A.M."oftewel mev John Murray, néé Minnie Hanzmeyer (1988, Saulspoort, [DIV 163]). Brief geskryf deur mev J Murray aan haar moeder, gedateer 29 Augustus 1899, Zandfontein (DIV 163). Ongedateerde handgeskrewe verslag van die werksaamhede met vroue en dogters in Mvera (Martha Murray, DIV 163). Referaat gelewer deur Abby Ferguson tydens opening van die Goodnow Hall, Wellington – "I wrote right out of my heart…" (Later gepubliseer onder die titel *The Huguenot Seminary in Relation to Mission Work in The Pioneer,* Januarie 1887 [K-DIV 636 A]).

31 Ongedateerde amptelike werwingsbrief, getitel *Huguenot Seminary* opgestel Anna M Cummings (K-DIV 636 A).

> to civilized and so-called Christian communities, there to spend then in luxury.
>
> The young people of South Africa are awaking at the call of God, through such servants of his such as the Rev Andrew Murray and those aiding him in that lands, and are eager to go forth with the good tidings of salvation to the uttermost parts of Africa.

Uit Cummings se woorde blyk dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse konteks teen die draai van die vorige eeu op alle vlakke vloeibaar was. Die ontdekking van minerale, die toenemende toeganklikheid van die land (spoorlyne en telekommunikasiedienste), asook ’n toename in grondbesit, het, enersyds, daagliks nuwe ontwikkelingsmoontlikhede én uitdagings gebied. Andersyds het dit ’n groot impak op die sosiale, politieke en opleidingsmileu gehad[32] – soos byvoorbeeld gereflekteer in die armblanke-kwessie.[33] McGregor[34] skryf tereg dat een deel van die blanke bevolking "… zou opgroeien gansch en al ongeleerd … buiten de Kerk … onbekwaam om zichzelven te helpen, en nutteloos voor de maatschapij". Teen hierdie potensieel plofbare agtergrond – waar vooroordele heers teen die inheemse kulture en uitbuiting plaasvind[35] – skryf Cummings dat daar ’n groot

32 Toe daar relatief min grondbesitters was, skryf McGregor (1910:144), kon die bywoners en trekkers oorleef deur met hul troppe vee rond te beweeg tussen die grondeienaars en oop stukke grond. Met die toename in grondbesitters, het grond al hoe 'skaarser' en digter bewoon geraak en het die trekkers en bywoners al hoe minder toegang tot werk, verblyf en weiding gehad. Gevolglik het bywoners en trekkers in groot getalle begin verstedelik. Hier was hulle egter, as ongeskooldes, in kompetisie met ambagsmanne en persone met meer opleiding en vaardighede. Volgens McGregor (1910:145) het dit gelei tot grootskaalse verarming en verval: "… word [hen] verachterd, of te arm, of te machteloos, of te onverschillig om kerk toe te gaan en kinders skool toe te stuur". Hierbenewens het toenemende drankmisbruik verdere probleme geskep. Tydens die Sinode van 1886 is daar aandag gegee aan sogenaamde "armblanke-kwessie" en is oorweging gegee aan die tot standbring van ’n arbeiderskolonie: ’n besproeïngsprojek te Kakamas aan die Oranjerivier waar daar toesig en opvoeding vir kinders, asook kerke, hospitaalkamers, skole, en behuising vir onderwysers verskaf wou word. Die projek is in 1893/94 van stapel gestuur (McGregor, 1910:145–146).

33 McGregor, 1910:44–149

34 McGregor, 1910:145

35 Vergelyk Anna Cummings (K-DIV 636 A) se brief van om en by 1900 waarin sy skryf "…something of the same [negative] spirit has come down through all the years, and it is no uncommon thing to hear Boers say, 'We treat the blacks as well as we treat our other animals on the farm. What more can be expected?' A great change has been taking place among these people during the last two generations, at first very gradual, of late more rapid, until now we find many farmers themselves holding services among

behoefte is aan "…Christian training for the young people who will soon forget racial prejudices in the practical realization that 'We are one in Christ Jesus'".[36]

## 4. Vroëe opleidingskonteks

Teen die einde van die negentiende eeu het hierdie passie vir binne en buitelandse sendingwerk, asook 'n fokus op die werwing en opleiding van jongmense om as sendelinge gestuur te word na veral "…Bechuanaland, Mashonaland en Nyasaland", redelik wyd voorgekom in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika.[37] Alhoewel dié sendingpassie hoofsaaklik beskou is as direkte uitvloeisel van die 1860-herlewing,[38] is die grondslag daarvoor deur die werksaamhede van die *Commissie vir Binnelandsche en Buitelandsche Zending*[39] gelê – in 1857 deur die Sinode in die lewe geroep in reaksie op die vroeëre kritiek teen die kerk se "onverschillig houding" en gebrek aan ywer vir die voortplanting van die evangelie en die geestelike belange van die volk.[40]

---

the practically heathen people around them, sometimes employing a young man as a missionary and paying his expenses…Not content with this, they are beginning to make sacrifices, so send missionaries, sometimes their own sons and daughters, into the more remote regions beyond."

36 Cummings, K-DIV 636 A

37 Dreyer, 1910:35–55

38 Die herlewing het spontaan op verskeie plekke plaasgevind – selfs op afgeleë plase. Baie mense is daardeur aangeraak en het na vore gekom as "leiers vir God". In 'n kort opsommende artikel oor die 1860-herlewing, noteer Van Gelderen ouderling De Vries (wie die biduur gelei het waartydens die eerste 'herlewingservaring' plaasgevind het) se beskrywing van die gebeurtenis, asook dr Andrew Murray (toe leraar van die NG Gemeente te Worcester) se reaksie. Hieruit blyk dit dat Murray aanvanklik nie kon vrede maak met die "werking van die Heilige Gees" soos gemanifesteer in spontane gebed nie: "God is a God of order, and here everything is confusion," was sy woorde voordat hy die biduur verlaat het ná sy onsuksesvolle poging om die orde te probeer herstel. Eers na verdere soortgelyke ervarings, kom Murray tot die besef dat dit tóg die werking van die Heilige Gees is. Terugskouend skryf hy: "If only we did not so often hinder Him with our much trying to serve, how surely and mightily would He accomplish His own work of renewing souls into the likeness of Jesus Christ" (Van Gelderen, 2014. [Aanlyn]. Beskikbaar: http://revivalfocusforum.com/2014/08/06/the-great-revival-of-1860).

39 Volgens Dreyer (1910:20) is die volgende predikante aangestel op die kommissie: di PK Albertyn, NJ Hofmeijr [sic], A Murray en JH Neethling. Ds A Murray is aangewys as die saakgelastigde vir Buitelandse Sending.

40 Dreyer, 1910:18

Aangesien die goeie opleiding van die "uitgestuurdes" vir kerkleiers soos dr Andrew Murray[41] van kardinale belang was, is prioriteit verleen aan die tot stand bring van geskikte opleidingsinstansies.[42] Benewens die oprigting van verskeie skole en opleidingsinstansies vir onderwysers, word "…de levensboom der predikantenopleiding in Zuid-Afrika … geplant"[43] met die opening van die *Theologische Kweekschool* te Stellenbosch in 1858, ná 'n jarelange oorwegingsproses.[44]

Ná die 1860-herlewing en die hernude bewuswording van die opdrag om uit te gaan en die boodskap te verkondig, tree dr Andrew Murray met ander gelowiges in gesprek oor die tot stand bring van 'n opleidingsinstansie waar

41 Dr Andrew Murray (09/05/1828–18/01/1917) is die tweede oudste seun van ds Andrew en Maria (néé Stegman) Murray van Graaff-Reinet.

42 Dreyer (1910:157–159) gee 'n insiggewende oorsig oor die rol van die NG Kerk in die tot stand bring van diverse opleidingsinstansies. Dié rol is ook herken deur dr Lanham Dale, die destydse Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap Kolonie, tydens die 1883 sitting van die sinode: "Ik kan de Nederduitsche Gereformeerde Kerk niet genoegzaam danken voor de krachtdadige ondersteuning welke zijn in het werk der opvoeding betoond heft" (Dreyer, 1910:157). Reeds in die jaar 1791 het twee predikante van die NG Kerk die behoefte aan "hoogere en betere scholen" geïdentifiseer en geld vir die doel begin insamel (Dreyer, 1910:157). In 1821 is 'n afgevaardigde van die kerk na Skotland om onderwysers te werf, waar onder William Robertson (later die skriba van die sinode) en James Rose Innes (later die eerste Superintendent van Onderwys in die Kolonie) (Dreyer, 1910:158). In September 1831 open die skoolinrigting Tot Nut van het Algemeen met die samewerking van die NG Kerk in Kaapstad. Hier ondergaan die meeste van die destydse predikante hul eerste opleiding. Teen 1847 word 'n kommissie vir opleiding en onderwys – bestaande uit drs Faure, Robertson en Heyns en ds Spijker – tot stand gebring en 'n Instituut "ter opleiding van onderwijzers in de Buitendistricten" geopen. Die 1862–63 Sinode was ook verantwoordelik vir die aanstelling van eerste "Inspector van Schoolwezen", ds C Murray van Clanwilliam, asook vir "…een aanvankelijk volledig schema … ter uitlokking en opleiding van zonene en dochteren der kerk voor het gewichtig ampt van onderwijzer de jeugd" onder die leiding van kommissies vir onderwys, bestaande uit "…mannen vol ijver voor de goede zaak" (Dreyer, 1910:159).

43 'n Ooggetuie-aanhaling van die amptelike openingsplegtigheid op 1 November 1859, met vier studente (Dreyer, 1910:165; Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. 1912. Kerkekantoor, Kaapstad. ).

44 Dreyer (1910:161–165) beskryf hoedat, ná die aanvanklike plan reeds in 1826 ter tafel gelê is, daar 'n jarelange proses van geskille en groei was. Uiteindelik is daar op die Sinode van 1857 met 'n stemming van 49 teen 29 besluit om die "…oorspronkelijk voorstel van den Predikant van Graaff-Reinet" (ds Andrew Murray) – dat die seminarie met die aanstelling van twee hoogleraars sonder uitstel geopen moes word – te aanvaar. Ds John Murray en ds NJ Hofmeyr word as eerste professors aangestel en in Julie 1877 word ds JL Marais as derde professor aangestel.

jong mense, veral vroue, ’n Christelike opleiding ter voorbereiding vir sendingwerk kan ontvang:[45]

> We feel the need of a special effort to secure the rising generation for Christ. The spirit of the world has commenced its struggle for the ascendency, and the education generally given, though principally very religious, is for the most part more a hindrance than an aid in gathering the children into the Saviour’s fold…We desire to have an institution in which servants for the work of the Kingdom, in teaching both Christian and heathen children, may be trained.[46]

Hieruit vloei die stigting en opening van die *Hugenoten Dames Seminarie*[47] te Wellington op 19 Januarie 1874[48] onder leiding van dr Andrew Murray en ’n groep trustees.[49] Die doelstellings van die seminarie was "… om jongen dochters gezonden uit allen deelen des lands … een opvoeding [te geven] welke sterkte om haar voor te bereiden voor de plaatzen in’t

45 Groot invloed tov dié inisiatief was die werk van Mary Lyon, verbonde aan die Mount Holyoke Seminary in Amerika. Nadat dr Andrew en mev Murray die biografie van Mary Lyon gelees het, is hulle diep onder die indruk van die noodsaaklikheid om onderwyseresse met die regte opleiding en gesindheid, aan te stel. Met die oog op die vind van sodanige onderwyseres, skryf Murray in Desember 1872 aan die prinsipale van die Mount Holyoke Seminary (Murray, 1772:1–2 [K-DIV 606]), soos volg: "There is a great deal simple, earnest religious faith to be found among them [the descendants of the Refugees who left France at the revocation of the edict of Nantes] and as a rule the children are strongly susceptible of religious impressions, offering a promising field for a truly Christian teacher…"

46 Murray, 1772:1–2 [K-DIV 606]. Dr Murray (1874:3) skryf op 25 Oktober 1873 in sy visie vir die Hugenooten School te Welington, die volgende mbt die kerk se taak in opleiding en opvoeding: "Onderwijs en opvoeding moeten in de handen der kerk een Genademiddel zijn, dienstbaar aan den Heiligen Geest, om den verbondszegen, die op onze gedoopte kinderen als kinderen de Koninkrijks rust, verwezenlijkt te hebben. Huis en school en kerk maken een drievoudige snoer dat niet verbroken kan worden."

47 In *The Huguenot Seminary* – ’n ongedateerde publikasie waarskynlik saamgestel ter steunwerwing in Amerika – word die volgende inligting gegee: "The Huguenot Seminary is designed for the daughters of the Boers – that is, the farmers of Dutch and French descent, – and also for the daughters of the English colonists. The pupils are not colored, but white, entirely of European descent, and would compare favourably with the young ladies in our boarding-schools in America and England. They number about ninety, and are under the care of eight American lady teachers and four from Germany and Holland – the latter giving instruction in music and modern languages" (K-DIV 621, 1881:3).

48 *Catalogue Huguenot Seminary,* 1874–1875:11

49 Die eerste lys van trustees verskyn in die *Catalogue Huguenot Seminary 1976* (K-DIV 612): ds Andrew Murray, ds JH Neethling, ds S Hofmeyr, mnr DF Malan, mnr EG Malherbe, mnr JD le Roux, mr J A Joubert.

huisgezin, de kerk of de maatschappij welke zij later innemen zouden".[50] Aandag is gegee aan "a sound education, and at the same time so to mould and form the character that the young ladies may go out with an earnest purpose in life, and thus be the better fitted for any sphere to which God in His Providence may call them [and] to train teachers who may go out, in some measure to meet the pressing needs of the country".[51] Benewens die aanbied van 'n verskeidenheid vakke op junior, middel en senior vlak[52] is daar veral aandag gegee aan "… godsdienst-plicht en opwekking van belangstelling in die uitbreiding van Godsrijk".[53] Die roepingsbewuste drr Abby P Ferguson,[54] Anna E Bliss, en (ietwat later) mej Annie M Wells,[55] is as die eerste prinsipales bygestaan deur 'n span van nege onderwysers en 'n matrone.

In 1877 kom 'n verdere inrigting te Wellington tot stand onder die hoofskap van weleerwaarde George Ferguson, 'n broer van Abby Ferguson.[56] Die *Opleidings Instituut* (soms ook na verwys as *The Mission Institute*[57]) se fokus was op die opleiding van "[manlike] zendinglingen en godsdienst-onderwijzers om onder de gekleurden in ons land te arbeiden".[58] Met George se afsterwe in 1896, is daar reeds net minder as vyftig sendelinge opgelei en uitgestuur vir binnelandse en buitelandse sending.

---

50 Dreyer, 1910:161

51 Catalogue of Huguenot Seminary, 1874–1875:12

52 Benewens klem op die bestudering van die Bybel en verskillende doktrines, moes die studente elke middag prakties doen (besoek aflê in gemeenskappe en evangeliseer), asook die *Report Meeting* bywoon waar hulle ervarings en kwellinge in diepte bespreek is (Waite, 1900:22). Vakke aangebied: Rekeningkunde, Engelse Grammatika en Stelwerk, Aardrykskunde, Geskiedenis, Fisiologie, Bybelkunde, Botanie, Astronomie, Chemie of Natuurwetenskap, Frans, Duits, Latyn, Vokale en Instrumentale Musiek, Teken- en Skryfkuns en Skilder (Catalogue of Huguenot Seminary 1874–1875:12–14).

53 Dreyer, 1910:102

54 Dr Abby Park Ferguson (1837–1919), wat benewens haar kwalifikasie in opvoedkunde ook opleiding ontvang het in diakonesse-werk (Genéve) en welsynswerk (Duitsland), was uiters geskik om die grondslag vir hierdie werk te lê (Van der Merwe, 1973b:10). Ferguson sowl as Anna Elvira Bliss (1843–1925) word beskryf as "… uiters bekwaam as onderwyseresse en leidsters van jongedogters … [wat] 'n egte sendinggees geopenbaar [het]" (Hoofbestuur VSB, 1939:9).

55 Sien vorige voetnota (39) vir inhoud van dr Andrew Murray se skrywe aan die "Lady Principal of Mount Holyoke" gedateer 2 Desember 1872.

56 Dreyer, 1910:173–175

57 Vergelyk artikel "*Our Environment*" *in The Huguenot Seminary Annual* (Jubileum uitgawe), 1898:31–33

58 Dreyer, 1910:173

Teen 1888 ontwikkel die Friedenheim Inrigting uit ’n Bybelklas van die Hugenoten Dames Seminarie wat aanvanklik deur Abby Ferguson geïnisieer[59] en in 1900 toevertrou is aan die bekwame sorg van Caroline Waite.[60] Die beheer van Friedenheim word later oorgedra aan die Vroue Sendingbond se bestuur en teen 1903 word dit amptelik deur die Sinode erken as opleidingsinstansie vir vroue-sendelinge.[61] Die tweejarige kursus of sogenaamde “Friedenheim opleiding” het voorsiening gemaak vir “inwendige sending” of welsynswerk onder mindergegoede blankes in die diamant- en goudvelde, asook vir “uitwendige sending” of “… sendingwerk onder die heidene”.[62]

Reeds teen 1875 vertrek een van die eerste afgestudeerdes van die Hugenoten Dames Seminarie, Johanna Meeuwsen, as eerste voltydse vroulike werker na die sendingveld.[63] Daarna verklaar verskeie vroulike afgestudeerdes aan die destydse Hugenoten Seminarie hul bereid tot sending: Anna Gonin (Mochudi[64]), Mary Murray (Mochudi) en Deborah Retief, wat hoofsaaklik betrokke was by opvoedingswerk onder die plaaslike kinders (Saulspoort en Mochudi).[65] Volgens Abby Ferguson is die meeste vroulike sendelinge nie net aan die Hugenote Seminarie opgelei nie, maar ook finansieel deur die Hugenote Sendingvereninging gedra en as “…in a peculiar sense our missionaries” beskou.[66]

---

59 Van der Merwe, 1973b:11

60 Vroëer verbonde aan die Moody Institute, Chicago.

61 Van Wijk, 1964:31

62 Van der Merwe, 1973b:11

63 Abby Ferguson (1886:12) gee die volgende inligting in haar toespraak: “In January 1875, just one year after our seminary was opened, Miss Meeuwsen went to the Transvaal – our first missionary. She did good work for eight years, and brought blessing to many souls.” Meeuwsen werk tot einde 1883 in Saulspoort, alvorens sy in die huwelik tree (*Memorandum Catalogue of the Pupils of the Huguenot Seminary 1847 – 1884* [K-DIV 621]).

64 “Mochudi” word in sommige dokumente as “Mochuli” weergegee.

65 Anna Gonin, dogter van ds Henri Gonin en sy eerste vrou, studeer 1882 aan die Hugenoten Seminarie en is in 1883 sendeling te Saulspoort (Memorandum Catalogue on the Pupils or the Huguenot Seminary [K-DIV 621]). Sy bly egter nie lank daar nie, maar tree in die huwelik en verlaat die sending. Mary Murray (dogter van dr Andrew Murray) studeer vanaf Januarie 1876 tot Desember 1879 aan die Hugenoten Seminarie en word in 1883 as sendeling uitgestuur.

66 Ferguson, 1886:12

Oor die veeleisendheid en blootstelling waaraan die jong vroue onderwerp is, skryf Ferguson soos volg: "And now looking beyond at Mochuli [Mochudi], we see much of sorrow and suffering, famine, sickness, death and great tribulation, written upon the records of the past year. Crops failed year after year, fever came when men were too weak to work." Tog, skryf sy, word die plaaslike bevolking bedien deur die teenwoordigheid van die sendingvroue en is daar 'n toenemende dringende behoefte aan nog werkers:

> The sad story told by Miss Neethling has brought relief, and hundreds of pounds were sent to buy food for the starving…Fever claimed the devoted Miss Stofberg as its victim, and she is not here, for God took her, and again our Miss Retief was left, the only missionary at Mochuli…she is needing a helper.[67]

Getuienisse soos hierdie word dan ook benut in die werwing van groter getalle jongmense wat hulself beskikbaar sal stel vir opleiding as werkers vir die omvangryke arbeidsveld. Dié oproep word ondersteun deur kerkmanne soos dr Andrew Murray en later die Vrouwen Zending Bond,[68] wat hul veral beywer vir die werwing van jong vroue.[69]

Teen 1888 neem die buitelandse sendingaksies van die destydse Kaapsche Kerk in Njassaland 'n aanvang met die uitstuur van ds AC Murray as eerste sendeling.[70] Stellig word die lidmate op die tuisfront aangegryp deur die kompleksiteit van die taak van dié baanbrekersendeling in die tot nog toe onbetrede Sentraal-Afrika. Benewens die ingewikkelde sosiale en fisieke eise wat aan hom gestel word ten einde 'n geskikte standplaas vir die

---

67 Ferguson, 1886:12

68 Sien volgende afdeling vir bespreking oor die tot standkoming van die Vrouesendingbond.

69 Die hoofdoel van die Vrouwe Zending Bond (gestig in 1889) is aanvanklik om by gemeentes oral in Suid-Afrika "… de samenwerking te verkrijgen van de Christen vrouwen van het land, ten einde Evangelie-arbeid te bevorderen onder de vrouwen en kinderen van het heide van allen die God niet kennen" (Dreyer, 1910:103). In Maart 1901 word 'n versoek vir meer werkers in Njassaland in die 'Zendingbode' geplaas: "Met 't oog op salarissen, uitrusting en reisgeld, werd £540 gevraagd, en hoewel menslijker wijze gesproken die tijd voor zulk een versoek volstrekt niet gunstig was, doen de zusters overall, als medewerkers hunne vrienden, hun best, en de Heer zegende hun pogingen zoodat we langzamer die som aan speciale giften inkregen" (Dreyer, 1910:104).

70 Uitgestuur in Junie 1888 (Dreyer, 1910:53).

eerste stasie te vind, moes hy ook die klimaat trotseer en is – na verskeie koorsaanvalle en erge sonsteek – genoodsaak om vir ses maande op Njuju, die stasie van die Vrije Kerk, oor te staan.[71] In Julie 1889 meld eerwaarde TCB Botha Vlok as medewerker aan en saam beywer die twee hulle vir "… de geboortedag van De Zending te Mvera" op 28 November 1889.[72] Die feit dat daar teen 1910 'n personeel van 63 sendelinge in Njassaland was,[73] is 'n aanduiding van die sukses wat behaal is met die werwing en opleiding, asook van die passie van die jong geroepenes en uitgestuurdes.

## 5. Impak van die leiersfigure se sending-ingesteldheid

Dit is baie duidelik dat die ingesteldheid van leiersfigure betrokke by die opleidingsinstansies, soos dr Andrew Murray en Abby Ferguson, 'n betekenisvolle invloed op hul mede-opleiers en die jong studente gehad het. Een van die jong opleiers, Annie M Wells,[74] skryf in November 1874 – kort na haar aankoms in Wellington – die volgende in 'n brief aan haar Amerikaanse moeder en familie:

> Mr Murray is not as old a man as I supposed he might [be], not more than fifty I think if he is that old. He is quite humorous at times which I had hardly expected though I hardly know why…it is very delightful to have intercourse [sic] with a man of so delightful a Christian spirit as Mr M[urray]. Indeed I have almost felt some of these days past that we are those receiving the favour in being permitted to come here more than those to whom we come. And if we may be permitted to help any we will rejoice very much.

Die woorde van dr Van der Merwe, 'n voormalige rektor van die Hugenote Kollege, bevestig hierdie waarneming dat dit vir dr Andrew Murray nie

---

71 Dreyer, 1910:55

72 Dreyer, 1910:57

73 KS 2513: Malawi Sendingpersoneel Algemene Inligting. Volgens Dreyer (1910:61) het die Kaapse en Vrystaatse Sending teen 1910 (sover bekend) 63 blanke personeel (waarvan 34 vroue) op 12 stasies in Njassaland [Malawi] (Mvera, Kongwe, Nkoma, Mlanda, Mphunzi, Malembo, Nchisi, Magwereo, Madzimoyo, Nyanji, Nsadzu, Fort Jameson) en 2 aangrensende stasies in Portugees-Oos Afrika [Mosambiek] (Malingunde en Mphatso). Dit dui op 'n beduidende groei: in 1898 was daar slegs 14 werkers en in 1903 34 werkers in die gebied (Dreyer, 1910:60).

74 In dié stadium het mej Wells waargeneem in mej Bliss – afwesig as gevolg van uitputting – se plek en rekeningkunde, lees- en skryfklasse aangebied (K-DIV 605).

"… in die eerste plek oor die onderwys, die opheffing van sy volksgenote, of selfs die kerk gegaan nie, maar dit het by hom gegaan oor die uitdra van die evangelie en oor die inbring van siele in die koninkryk van God. Dít was die dors van hierdie man, die stukrag agter sy dade, die besieling en die geheim van al sy sukses".[75] Dit is egter dr Murray se eie woorde wat sy onderliggende ingesteldheid – een van volkome oorgawe aan en afhanklikheid van God – as grondslag vir die taak as "gestuurdes" weerspieël:

> Christ makes us partakers with Himself of His prayer-power and prayer-life. We understand then that our aim must not be to work much, and have prayer enough to keep the work right; but to pray much and then to work enough for the power and blessings obtained in prayer to find its way through us to men.[76]

Die grondslag van sy opleidings- en sendinginisiatiewe was dus 'n gebedsafhanklikheid van God.[77] Hierdie ingesteldheid word beaam deur die woorde van Abby Ferguson tydens die opening van die Goodnow-saal in 1886: [78]

> Our highest ambition for the beloved daughters of our Huguenot [S]eminary is that they may be so entirely yielding to God that they may be ready to go anywhere and to do anything for Him; that they may be ready to work here or there, wherever He calls them.

Vervolgens lewer sy 'n sterk pleidooi vir gebedsintreding: Dat 'n gees van algehele oorgawe aan God toenemend sigbaar sal word in die werk, asook onder die studente van Hugenoten Dames Seminarie: "Souls are so precious that Jesus left heaven to come down into this world to redeem them; shall we sit still with folded hands and do nothing when He says, 'As the father hath send Me, so send I you'?"[79] Dit blyk dus duidelik dat, benewens die feit

---

75 Van der Merwe, 1973a:9

76 Aanhaling uit *The Pioneer,* January 1887:14 (K-DIV 636 A).

77 Vergelyk met bespreking in die Boston-publikasie *The Huguenot Seminary* (1881:8–9 [K-DIV 621]) van hoe stiltetyd en eerbieding van die Sondag verpligtend was en gelei het tot diepe toewyding en herlewing onder die studente.

78 Die toespraak/referaat vir die opening van die Goodnow Hall is, volgens Ferguson, geskryf "…off my heart". Dit is later gepubliseer in *The Pioneer* (die SA sendingwerk-kwartaalblad) van Januarie 1887:11–12 onder die opskrif *The Huguenot Seminary in Relation to Mission Work* (K-DIV 636 A).

79 Ferguson, 1887:12 [K-DIV 636 A].

dat sowel Ferguson as Bliss "… uiters bekwaam was as onderwyseresse en leidsters van jongedogters", [80] hulle ook, soos dr Andrew Murray, allereers begaan was oor die uitdra van die evangelie aan alle mense.

Hierdie sendinggerigtheid lei dan ook tot die hou van Maandagoggend-sendingbyeenkomste vir die seminariestudente en later, die stigting van 'n sendingvereniging en, in 1878, die publisering van 'n sendingblad. Die inspirasie vir die inisiatiewe kan herlei word na die lees van die tiende jaarverslag van die Amerikaanse Woman's Board of Mission, waarna Ferguson en drie ander onderwyseresse, geïnspireer is om iets soortgelyks vir Suid-Afrikaanse vroue tot stand te bring. Dié gedagte bespreek hulle met dr en mev Andrew Murray, bid daaroor en maak planne, maar die susters wat hulle raadpleeg, laat blyk dat hulle nog nie ryp is daarvoor nie: "Die Amerikaanse vroue kan sulke dinge doen, maar ons nie; dit is nie werk vir vroue nie."[81] Ten spyte van die terugslag, stig hulle in April 1878 die Hugenote Sendingvereniging met 'n groot aantal lede, stuur meer werksters uit[82] en gee die *Missions News Letter* een maal per kwartaal uit.[83] Met die opening van die Goodnow Hall[84]in 1886, word die sendinginisiatief voortgesit met die aanbied van 'n sendingkonferensie – bygewoon deur 'n groot aantal predikante en ouderlinge van die NG Kerk se Kaapse sinode. Abby Ferguson lewer 'n vurige pleidooi tot 'n groter diensbaarheid- en sendingingesteldheid in haar referaat getiteld "The Huguenot Seminary in relation to mission work":[85]

> I have told you this [haar visioen oor Christus wat vir ons sonde geword het] that you may see, as I have seen what Jesus has done for you and ask you to be willing for His dear sake, to give yourselves, to give your sons and daughters, to go anywhere, to do anything, for him [w]ho bought you with His precious blood.

---

80 VSB 50 Jaar, 1939:9

81 VSB 50 Jaar, 1939:10–11; Ferguson, 1898:21

82 Sien voetnotas rakende vroeë uitgestuurdes in vorige afdeling.

83 VSB 50 Jaar, 1939:11

84 Die Goodnow Hall, deel van die Hugenoten Seminarie, is gebou met skenkersgeld en het bestaan uit klaskamers op die grondvlak en 'n vergadersaal op die eersteverdieping. "…where students and teachers gather for all public religious exercises" (Cummings, K-DIV 636 A).

85 Ferguson, 1887:11 (K-DIV 636 A)

Voorts word daar besluit om die *Missions News Letter* in Nederlands te vertaal ten einde die gebrek aan sendingbelangstelling by gemeentes en lidmate aan te spreek.[86]

Steeds aangevuur deur haar sendingpassie, besoek Abby Ferguson in 1887–1888 verskillende sendingwerksaamhede, onder andere in die Vrystaat, Basoetoland en Natal, wat haar 'n oorsig oor die omvang van die bestaande sendingwerk, asook van die behoeftes en moontlikhede gee. Diep geraak deur die lewens van die toegewyde sendelinge, is sy opnuut gemotiveer tot sendingywer en die toewyding van haar eie lewe aan sendingwerk, want "… in haar hart was sy 'n sendeling".[87] Op haar terugreis is sy teenwoordig by die stigting van verskeie sendingverenigings, soos op Graaff-Reinet "… waar daar groot belangstelling opgewek is deur die vertrek van ds AC Murray as pioniersendeling na Niassaland [sic]".[88] Ná die stigting van verdere sendingverenigings op onder andere Kimberley en Wellington, kom die Vrouwen Zending Bond op 21 Maart 1889 tot stand.[89] Tydens die stigtingsvergadering, met susters van Wellington, Bethlehem en Worcester en die lede van die Hugenoten Zending Vereeniging teenwoordig, word die volgende resolusie aanvaar:

> "Overtuigd dat alleen het Evangelie van Christus [de heidenen] voor tijd en eeuwigheid kan vrijmaken, willen wij, de Christen vrouwen van Zuid Afrika, ons vereenigen om een Zending Bond te vormen … [die] zal genoem worden: De Vrouwen Zending Bond van Zuid Afrika. Deze Bond stelt hem zich ten doel de samenwerking te verkrijgen van de Christen vrouwen van het land, ten einde Evangelie-arbeid te bevorderen onder de vrouwen en kinderen van het heidendom, alsmede van allen die God niet kennen."[90]

86 Die *Missions News Letter* was dus die voorloper van *Die Sendingbode* (VSB, 1939:11).

87 VSB 50 Jaar, 1939:11

88 VSB 50 Jaar, 1939:11. Ds AC Murray is uitgestuur (in 1888) as die eerste sendeling onder die beskerming van die Predikanten Zending Vereniging wat in 1885 tot stand gebring is. Die lede van die vereniging (predikante) het onderneem om jaarliks 'n gedeelte van hul salaris aan sendingwerk af te staan, wat dan deur die Vereniging bestuur sou word – soos byvoorbeeld die betaling van AC Murray se salaris (Louw, 1891 [K-DIV 597]).

89 Dreyer, 1910:103

90 Dreyer, 1910:103

Daarna word die grondwet goedgekeur en aangeneem, asook besluit om 'n brief met betrekking tot die stigting, werking en doel van die Vrouesendingbond aan die vroue van alle NG Gemeentes te stuur, ten einde hul samewerking te vra.[91] Mev Andrew Murray word tot die eerste presidente verkies en Abby Ferguson tot sekretaresse. Drie werkers, Mary Murray, Marg Malan en Carlie Hugo word uitgestuur na die diamantvelde en Maria Rademeijer na Mochudi.[92]

In dieselfde jaar skryf Abby Ferguson in 'n brief aan 'n vriendin: "If the days were past when an ordinary education was good enough to fit a woman to be a teacher, so also had the days passed when good intentions and industry could be accepted as sufficient equipment for Christian work."[93] Hierdie versiendheid, asook die passie en ywer van die opleiers, het ongetwyfeld bygedra daartoe dat die jong vroue wat die opleiding deurloop het, in die eerste plek self diep aangeraak is. In 'n verwelkomingstoespraak en -lied van die studente aan hulle opleiers, mejj Wells en Baily, blyk die studente se diepe waardering vir hul opleiers en hul visie om die Seminarie uit te bou as 'n plek waar jongmense geïnspireer word tot Goddelike dienslewering. Volgens Annie Wells, wat die toespraak en "verwelkomingslied"[94] in 'n brief aan haar ouers gekopieer het, is die oorspronklike handgeskrewe kopie deur al die leerders onderteken:

> It is most gratifying to one that we should be so much privileged above other schools for girls…that we should have a Staff of teachers from so celebrated a Seminary as that of Mt Holyoke…We hope that you may be blessed with the necessary health and strength for the arduous duties which lie before you in strengthening the hands of

91 VSB 50 Jaar, 1939:140

92 Dreyer, 1910:103

93 Van der Merwe, 1973b:10

94 Annie Wells het die toespraak en lied geskryf in 'n brief aan haar ouers, gedateeer November 1874 (Wells, 1874 [K-DIV 605]). Die lied: "Our Welcome Song//Africa's daughters welcomes gladly//Teachers from a distant strand//You have heard the cry, so sadly//Echoing through our sunny land.//Home and friends you have forsaken,//Africa's glorious course to aid.//Noble work that you have taken,//Sacred work that could not wait.//Fling away all apprehension//See by faith the distant light//Brighter days that like a vision//Dawn on Africa's daughter's sight.//Come, for your exalted mission//Hallowed is by God above//This contents a soul's ambition//Worthy is devoted love."

> our beloved teachers Miss Ferguson and Miss Bliss, and of building up our Huguenot Seminary into an institution which shall last throughout all ages, not only for secular instruction, but something far higher, it being a place where the fear of God is instilled into the minds of the pupils. That you may be a blessing to us all is the prayer of the undersigned.

Wells skryf verder: "Our welcome has been wholly planned by the young ladies, and it has been [e]specially pleasant that they look upon our coming as a direct answer to prayer. The faith of some of these dear girls is very beautiful, and their prayers are very earnest."

Die gesindheid van toewyding en 'n diensingesteldheid blyk duidelik uit hierdie verwelkomingsrede en lied, sowel as uit Wells se ervaring van die studente.

Tot watter mate die eertydse studente deur die opleiers begeesterd is, blyk ook getuienisse soos dié handgeskrewe "getuienis" van Miemie Gonin (néé Neethling).[95] Hierin verwoord sy haar ingesteldheid en belewenis van enersyds diepe lyding en andersyds die bewus wees van God se teenwoordigheid:

> I can only add my word of testimony to those of so many others, in declaring that those years during which the Lord has honoured me, by allowing me to do mission work, have been but one record of His love and faithfulness.
>
> My mind has long been directed to work amongst the heathen, but there had been difficulties in the way of coming to a final decision. It was one night during an evening service at Stellenbosch, when a young Missionary, just going out to his work, told how, though he could not speak from experience, he yet could tell, by hearsay and observation, of the joy of those who had left all, and followed Christ. He told of what he had seen in England amongst Missionaries, and of what he had heard of the "Annie Taylor Mission Band" that they had all one Keynote, and that was Joy in the Lord and in His Service.

95 Ongepubliseerde handgeskrewe "Getuienis van Miemie Gonin" (Gonin, 1899 [DIV 163]).

> That night I felt that for me too, there was that joy and I offered my free full obedience to what I felt to be the Lord's voice to me.
>
> Soon after, I went with my brother to Mochuli [Mochudi]. The friends, who followed us with their love and prayers will remember how we were kept waiting just as we were crossing the threshold of our field of labour; they know of our wonderful happy ten months of service, of how the hearts of the heathen opening to receive the love of God in Christ; of their love to Him and us and then the sudden ending of it all for me, by my brother's being taken in such a way![96] It left me desolate indeed, but over and above all was the joy in my Saviour – such an uplifting overall the great heart sore and sorrow, which I know, came directly from the Lord.
>
> It was "the secret of the Lord for all who fear Him". He never once failed or forsook His servant. He never once let fall one of all His gracious promises.
>
> Would you know it too? Then obey His last command "Go ye into all the world and preach the Gospel to every creature". The promise "Lo, I am with you," will be as truly fulfilled to you as it was and still is to me.

Opvallend in hierdie getuienis is die eerlikheid waarmee Miemie Gonin haar innerlike stryd beskryf, maar veral ook die beklemtoning van God se getrouheid – selfs in haar donkerste ure ná haar broer se onverwagse dood. Aangrypend in haar getuienis is die slotsom waartoe sy kom dat, ongeag wat dit van haar verg, sy as geroepene die taak van woordverspreiding moet voortsit, wáár God haar ook al stuur.

---

96 Miemie Gonin, néé Maria Susanna Neethling, was die dogter van Ds JH Neethling en Maria Murray van Stellenbosch en die oudste suster van William James Neethling (29 Mei 1866–18 Febr 1897). Minder as 'n jaar nadat hy en sy suster in 1896 te Mochudi begin werk het, is die jong eerwaarde William Neethling in Februarie 1897 in 'n fratsongeluk oorlede toe die kerkgewel op hom geval het (Dreyer, 1910:20; VSB, 1939:7). Daarna trou Miemie op 18 April 1899 met ds Henri Gonin. (Gonin was afkomstig uit Genève, Switserland, en was sedert 1861 werksaam onder die inboorlinge in Transvaal te Magaliesbergen, Rustenburg en later Saulspoort.) Ná ds Goning se dood in 1910, trou Anna in 1912 met ds WA Joubert (Dreyer, 1910:20; Murray geslagsregister).

Daar kan dus afgelei word dat dit 'n groep besondere jong mense was wat, dikwels te midde van moeilike sosio-ekonomiese omstandighede, aanmeld om as toekomstige sendelinge opgelei en voorberei te word.

## 6. Eienskappe en sosio-ekonomiese milieu van die eerste uitgestuurde vroue

Na amper vyf-en-twintig jaar van opleidingservaring aan die Hugenoten Seminarie, skryf Anna Cummings in 'n brief aan Amerikaanse ondersteuners dat die Suid-Afrikaans jongmense se spesifieke eienskappe en agtergrond hul besonder geskik maak om as sendelinge na Afrika "uitgestuur" te word:

> Special fitness as missionaries is the birth right of these young people, since their ancestors for generations have been born in South Africa, and hence they do not succumb to the fever as those from other lands; since by inheritance and force of circumstances they are good linguists; since by habit and necessity they are able to live in a manner unsuited to those from other climes; since realizing their responsibility for the evangelization of the Dark Continent they are eager to be trained for the work.[97]

Waar daar aanvanklik 'n taamlike onverskillige houding teenoor die uitstuur van hul eie kinders onder die boerebevolking was, is dit toenemend juis hulle wat hul jong dogters aanspoor tot sending.[98] Dit kom voor asof dit veral dames van "goeie inbors" of karakter,[99] met minstens

---

97 Cummings, K-DIV 636 A

98 Anna Cummings skryf in om en by 1900 "…something of the same [negative] spirit has come down through all the years, and it is no uncommon thing to hear Boers say, 'We treat the blacks as well as we treat our *other* animals on the farm. What more can be expected?' A great change has been taking place among these people during the last two generations, at first very gradual, of late more rapid, until now we find many farmers themselves holding services among the practically heathen people around them, sometimes employing a young man as a missionary and paying his expenses… Not content with this, they are beginning to make sacrifices, so send missionaries, sometimes their own sons and daughters, into the more remote regions beyond" (K-DIV 636 A).

99 Annie Wells (K-DIV 605, November 1874) beskryf haar ervaring van die *Hugenoten Dames Seminarie*-studente: "The young ladies are all so kind and thoughtful for us that we should be ungrateful indeed if we were not happy. They keep us bountifully supplied with fruits and flowers."

basiese opleiding en ’n verskeidenheid van bekwaamhede[100] en positiewe eienskappe[101] was wat hulself bereid verklaar het om uitgestuur te word. Dit is ook duidelik dat die latere vrouewerkers meesal ietwat ouer was – teen Januarie 1903 word daar deur die Predikanten Zending Vereniging bepaal dat "… jonge zusters die door ons worden aangenomen niet minder dan 24 of 25 jaren oud moeten zijn, aleer sij naar’t Zendingveld gaan".[102] Die grootste voorvereiste is egter hul besef van roeping en toewyding. In ’n artikel in1900, getiteld "The Ideal Mission Class Student", skryf Carolina E Waite[103] soos volg:

> She is hidden away in some village or upon some farm in South Africa. The Spirit of God has been leading her to give herself in complete surrender to Him, and in so doing, she finds the call deepening into one which will involve leaving home and friends to carry the good news of a Saviour’s love to those who know Him not. After much thought and earnest prayer, after consultation with her pastor, and with the permission of her parents the great decision is made.
>
> But this young lady does not fancy that she can rush away to the heathen without proper preparation. She knows that while a consecrated heart is the first it is not the only thing … [T]he Government would rightly require a certain amount of training. How much more if she has to do with immortal souls! … She is equally anxious to be well equipped for her work … she is not going

100 Mary Doyle (’n oudstudent) wat in September 1900 as eggenote van mnr AJ Liebenberg na Njassaland gegaan het, het onder meer studeer aan die Chicago Bible Institute en klasgegee in wiskunde en Engels by die Huguenot College and Seminary (Ferguson in *The Huguenot Seminary Annual,* 1900:21; Predikanten Zending Vereeniging Notule, 6 September 1900; [Prospectus] *Huguenot College and Seminary 1899–1900*:5).

101 Die baanbrekerswerk van die eerste "viertal" [dames] wat deur die Vrouesendingbond na Njassaland gestuur is, word soos volg beskryf in die gedenkboek van 1939: "Mej B Helm! Die toegewyde ywer staal uit in haar gebed na sy twee jaar in Niassaland [sic] was … Prof J. du Plessis skryf o.a. van haar: ‘Een begaafde onderwijzeres, aan wie (bijgestaan door mej Zondagh) de stevigheid van de grondslagen van ons primair onderwijs in Njassaland grotendeels is toe te schrijven’ … Mag die bereidwilligheid, die volharding, die toegewydheid van die ‘viertal’ ’n aansporing wees vir ons jongedogters vandag om die fakkel uit die hand te neem van die wat dit moet neerlê en dit brandend te hou totdat hulle dit weer aan ander hande kan toevertrou!" (VSB, 1939:126–127).

102 Predikanten Zending Vereeniging, Notule 27 Januarie 1903:62

103 Waite, 1900:21–22

> to be satisfied with less than two [years of training]. Others may think a few months sufficient, but this lady is seeking to make the very most of herself for Christ's cause.

Murray se dagboekinskrywings is ryk aan verwysings na die bekwaamhede van sy vroulike medewerkers, soos hul vermoëns as verpleegsters, vroedvroue of onderwyseresse;[104] aanleg in huishouding[105] en die lei van vrouegroepe; die bedrewe bespeling van verskeie musiekinstrumente (*pianoforte,* orrel, viool,[106] harp);[107] asook hul deelname aan sportaktiwiteite soos tennis en selfs goeie donkie- of perdryvaardighede![108] Dikwels lig hy die vroue se positiewe karaktereienskappe uit, soos 'n sin vir humor, liefdevolheid en die handhawing van positiewe verhoudings. Eweneens beklemtoon eerw Vlok die positiewe karaktereienskappe en besieldheid van sy eerste eggenote, Bessie:

> Bessie was bezield met grooten Zendingsijver en een brandende liefde tot zielen. Zij was uit de gemeente Riversdale, waar zijn hare opvoeding genoot op het Victoria Grové-Seminarium onder de bekwame leiding van Miss Cummings. Talentvol zijnde onderscheidde zij zich in hare studiën. Na het Seminarium verlaten te hebben ging zij onderwijs geven, waar ook met lof van hare bekwaamheid gesproken werd. Door hare innemendheid en opgeruimdheid wist zij tot haar een groot aantal vrienden en vriendinnen te trekken.[109]

Die toewyding van die jong werkers word weerspieël in die feit dat een van die eerste opgeleide werkers, Martha Murray, reeds in 1895 saam met ds en mev AC Murray die eerste "meidjiestehuis met vyf inboorlingmeidjies"

104 "Miss Zondagh is really a splendid teacher, takes such a keen interest in the work [and] is really able to help me so much" (Murray, 1901:169).

105 "Ellen makes a ripping housekeeper [and] is very nice every way" (Murray, 1907:27).

106 "Nurse Damme does play the violin well. It is a rare treat to hear her with the violin, accompanied by Tillie on Miss. Faul's organ" (Murray, 1905: 251).

107 "Miss Theron plays very well [and] has a nice voice. It was delightful to sing again, reminding one of the old Sunday nights at home [and] at S[tellen]bosch" (Murray, 1902:355).

108 "Tillie [and] I enjoy it to the full on the donkeys" (Murray, 1904:22).

109 Vlok, 1901:87

te Mvera open.[110] Dakoma, die eerste inwoner van dié huis, was ’n jong “… slawemeidjie wat gered is uit die hande van slawehandelaars”.[111] Hierna sluit ’n verdere drie afgestudeerdes van die Hugenoten Seminarie, mejj Zondagh (1995), Stegman en Helm (1997) hulle aan by Martha. Saam arbei dié vier dames jarelank met groot ywer en toewyding in die sendingskole en onder die vroue en kinders in Njassaland.[112] Hul gesindheid word verwoord deur mej Helm: “Here, neem U die eerste plek in my lewe; verhoed dat u werk vir my dierbaarder sal wees as *Uself*”.[113]

Befondsing vir studies – asook vir die geboue – blyk deurgaans ’n beperkende faktor te gewees het. Carolina Waits beskryf dit as ’n saak van gebed: “To be sure there are financial difficutlties. She [the prospective student] begins to pray about them and unexpected doors open.”[114] Insgelyks skryf Cummings in ’n brief aan haar tuisgemeente in Connecticut, Amerika, dat van die studente geldelike bystand benodig:

> …former students…raised $75 during the past year to aid a deserving student here who would be unable without assistance to remain. The people here have as a rule not much money but few of them have learned duty and privilege of systematic and proportionate giving…
>
> Our missionaries in Njassaland sent ₤15 towards our new building; the little children were picking up acorns for the pigs to eat, hoping thereby they could earn as much as ₤1.00 for their share, and thus the hearts are being touched and the precious sums come in. Surely this house [Cummings Hall] must ever belong to God.[115]

---

110 VSB, 1939:125

111 Ibid. Ten tye van die eerste sendelinge se aankoms in Njassaland, het slawehandel groot afmetings aangeneem en was dit een van die “euwels” wat onder andere deur dr David Livingston aangespreek is (Retief, 1951:254).

112 Die dames se salarisse is bepaal deur die Predikanten Zending Vereniging der Nederduits Gereformeerder Kerk van Zuid Afrika – “[z]y ontvangen ₤50 contant terwyl huisvesting en eten berekend word op ₤25 tot ₤30 per jaar” – en gedra deur die Vrouesendingbond (Notule van vergadering, 14 Augustus 1895).

113 Woorde van mej B Helm (VSB, 1939:126).

114 Waite, 1900:22

115 Cummings, 1898:12

Desondanks die positiewe ingesteldheid, finansiële ondersteuning vanuit verskillende oorde en opleidingsgeleenthede, het nie alle jong vroue (en manne) noodwendig die essensiële voorbereiding en agtergrondskennis ten opsigte van die omstandighede en eise van die sendingveld gehad nie. Dit was ook die geval met Bessie Vlok wat vertrek het met slegs 'n basiese onderwysopleiding "… zonder eenige kennis dat eene zendelingsvrouw zoo noodig was".[116] Uit die dagboek- en briefinhoude blyk dit dat waarskynlik dié mees essensiële areas waar voorkennis die aanvanklike aanpassing sou kon vergemaklik, dié is van die fisieke ontberings, die afgesonderdheid van die gebiede en die uiterste klimaatsomstandighede, wat dan in die hieropvolgende artikel bespreek sal word.

## 7. Slot

Wat deurgaans opval ten opsigte van die opleidingsbenadering en inhoud, is die erns waarmee opleiding van vroue daargestel is, asook hoe holisties daar gedink en te werk gegaan is. Benewens die toerus met kennis en vaardighede, is karakterbou as noodsaaklik gesien is ten einde die vroue toe te rus om hul plek binne- en buitelands vol te staan. In 1898, in sy oorsig oor die afgelope vyf-en-twintig jaar van die Hugenoten Seminarie, skryf dr Andrew Murray:

> [W]e feel very strongly the sacred duty of doing our utmost to prepare as large a number of the daughters of this land, and that is perfectly as possible, for the great work of passing on to others what they are and know, and so in some measure helping in the making of a nation that is to be. The fuller the development of the nobler qualities of mind and heart, the greater the power for good that will be wielded.

Wanneer Ferguson en Cummings in hul vele werwings- en bekendstellingsbriewe die "gees van die Hugenoten Seminarie" probeer oordra, val dit op hoedat hulle dit as 'n tuiste vir die jong vroue, afkomstig van

116 Nadat Bessie haar in die begin van 1894 bereid verklaar het tot werk in Njassaland, tree sy in Mei 1894 in die huwelik met TC Botha Vlok, wat reeds vanaf 1889 'n sendeling in Njassaland is (Dreyer, 1910:55). Met hul vertrek in Junie 1984 word sy "…los gescheurd van hare dierbaren, en gingen wij naar Njassaland om des Evangelies wil" – sonder enige voorbereiding vir die sending (Vlok, 1901:87–88).

verskillende kulturele agtergronde, beskryf. Daar word klem gelê nie net op Bybelonderrig nie, maar die aanbied van uiteenlopende akademiese en praktiese vakke, musiek- en kunsonderrig, kulturele en sport-inisiatiewe, asook op die opbou van verhoudings oor kultuur- en taalgrense heen.

Ook in die skrywes van die vroulike sendelinge is dit hierdie omvattende of insluitende benadering wat duidelik blyk. Dat die bring van die evangelie ten grondslag was, is so, maar die metodiek wat aangemoedig is, is inderdaad 'n leefwyse van deelname, belangstelling in en toegerus wees om ten opsigte van elke aspek van menswees 'n positiewe bydra te kon lewer. So word die taak van die matrone van 'n "meidjie tehuis" in die sendingveld soos volg beskryf: "Wat rus nie alles op die matrone van so 'n [meidjies] tehuis nie! Die opvoeding van 'n dertigtal meidjies [sic] op verstandelike, liggaamlike, industriële en veral op geestelike gebied is voorwaar 'n reusetaak."[117] Die feit dat die werkerstal deurgaans toegeneem het onder die Suid-Afrikaners, sowel as onder die plaaslike mense (inboorlinge), dui daarop dat die vrugte op die arbeid nie uitgebly het nie. Volgens die Vrouesendingbond,[118] was daar teen 1939 honderde plaaslike vroue wat uit die meidjiestehuise en skole gekom het om hul plek vol te staan as vroue van onderwysers, evangeliste en inboorlingleraars; as onderwyseresse en goeie huisvroue; en as assistente vir die susters by die klinieke en hospitale. Verder is duisendtalle kinders by die sendingskole betrek, wat 'n basis gelê het vir die verdere leer- en ontwikkelingsmoontlikhede in die voorheen "onontginde" gebiede.

Tog bly die diepste indruk een van toewyding en passie vir die oordra van die liefde van God aan alle mense, soos verwoord in die volgende woorde van dr Andrew Murray[119] tydens die vyf-en-twintigste bestaansjaar van Hugenoten Seminarie:

> Our great object is to train all our pupils with the one thought of not living for themselves, but for their fellows, for the sake of Him who loved all and died for all…Whether it be for a place in their own homes, in smaller or larger schools, in nearer or more distant fields,

117 VSB, 1939:130

118 VSB, 1939:128

119 Murray A, 1898:35–37 [K-DIV 621]

> we aim at training a race of gentle, loving, self-denying women to be a blessing to their country and an honour to their Lord.

Hierdie woorde reflekteer dan ook die eertydse vroulike sendelinge se opregte strewe om God se liefde uit te dra aan ander – ongeag hul eie komplekse sosiale en politieke tuis-situasie of die ontberinge wat hul roeping vir hul meegebring het. God (en die begeesterde opleiers) se oproep het voorwaar neerslag gevind in die lewens van hierdie eerste vroue in die sending: "Who will go? Out of sorrow has come blessing, out of death, life to many a precious soul, and with our stricken ones we thank God, and take courage."[120]

## Bibliografie

*Catalogue of the First and Second Years of the Huguenot Seminary in Wellington, South Africa.* 1874–1875. Cape Town: Saul Solomon & Co. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 612.]

*Catalogue Huguenot Seminary 1876.* [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 612.]

Cummings, AM. Ongedateer. Huguenot Seminary. *Ondersteuning-werwingspamflet.* [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

Cummings, AM. 1898. South Africa Letter. In *The Monthly Record,* Vol III Number 6, Thompson Congregational Church, Connecticut, USA. 10–13. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

De Predikanten Zending Vereeniging. 1900. Ongepubliseerde Notule, 6 September 1900. Wellington. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

Dreyer A 1910. *Historische Album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika.* Kaapstad: Cape Times Beperkt. [NG Kerk in SA: Argief: G 161 NEDG.]

Ferguson, AP 1887. The Huguenot Seminary in Relation to Mission Work. *The Pioneer, A Quarterly Record of Mission Work in South Africa,* January:11–12. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

120 Ferguson, 1887:12

Ferguson, AB 1898. Development of Missionary Interest. *The Huguenot Seminary Annual,* 1898:21–23. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

Ferguson, AB 1899. Our Huguenot Missionary Society. *The Huguenot Seminary Annual,* 1899:28–30. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

Ferguson, AP. 1900. Our Missionaries. *The Huguenot Seminary Annual,* 1900:20–21. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

Gonin, M 1899. Ongepubliseerde handgeskrewe getuienis van Miemie Gonin. [NG Kerk in SA: Argief: DIV 163.]

Huguenot Seminary, 1881:6–7 [K-DIV-621.]

Le Roux, PO, Gaum, FM, Laubsher, W, Swart, M, Van der Merwe, F, Du Plessis, M, Visser, M, De Bruyn, B, Engelbrecht, H en Malan, M (Reds). 1973. *Die Hugenote-Kollege van die Ned. Geref. Kerk 100 jr Feesblad.* Wellington: Bybelkor, 12–14.

Louw, AJ 1891. Ongepubliseerde verslag: "Hoe de Predikanten Zending Vereeniging is ontstaan". [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 597.]

Malan, E 1973. Jeug-herinneringe aan die stigters van "Huguenot". In Le Roux, PO, Gaum, FM, Laubsher, W, Swart, M, Van der Merwe, F, Du Plessis, M, Visser, M, De Bruyn, B, Engelbrecht, H en Malan, M. (Reds). 1973. *Die Hugenote-Kollege van die Ned. Geref. Kerk 100 jr Feesblad.* Wellington: Bybelkor: 12–14.

McGregor, A 1910. De Arbeids-Kolonie der Kaapsche Kerk. In Dreyer, A. 1910. *Historiese Album van De Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.* No 2. Kaapstad: Cape Times Beperkt: 144–149. [NG Kerk in SA: Argief: G 161 NEDG.]

*Memorandum Catalogue on the Pupils or the Huguenot Seminary.* 1884. Cape Town: WA Richards & Sons. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

Murray A 1973. *De Hugenooten School te Wellington.* Circulaire, No. 2. Kaapstad: Van de Sandt De Villiers en Co Drukkers. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636B.]

Murray A 1898. Our Future. *The Huguenot Seminary Annual.* 1889:35–37. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

Murray, AG (ongedateer ). Die Sigting van Mphunzi Stasie (:1–11). *Stasieverslae.* [NG Kerk in SA: Argief: KS 1150 Stasieverslae – Mlanda, Mphunzi.]

Murray AG 1896–1906. *Dagboeke.* [N.G. Kerk in S.A: Argief: DIV 1431, Boek 2–8.]

Murray I 2013. *Spirituality as Dimension of Integrated Community Development.* Ongepubliseerde verhandeling. Departement van Praktiese Teologie, Stellenbosch Universiteit, Stellenbosch.

Murray, J 1899. Ongepubliseerde handgeskrewe getuienis van mev J Murray. [NG Kerk in SA: Argief: DIV 163.]

Murray, M 1988. Ongepubliseerde handgeskrewe getuienis van Martha Murray. [NG Kerk in SA: Argief: DIV 163.]

Murray Geslagsregister. 1996. Andrew Murray Nageslag 1794–1996. Saamgestel deur Koos Reyneke. Selfgepubliseerd.

Osmer R.R. 2011. *Practical theology: a current international perspective.* [Online]. Available: http://hdl.handle.net/2263/27917 [Accessed 20 September 2012].

Phiri, IA 1997. Doing Theoloy in Community. *Journal of Theology for Southern Africa.* November:68–79.

Predikanten Zending Vereeniging der NG Kerk in Zuid Afrika. 1895. Ongepubliseerde Notule van vergadering, 14 Augustus. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 597.]

Predikanten Zending Vereeniging der NG Kerk Zuid Afrika. 1893–1903. Ongepubliseerde Notules 1893–1903. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 597.]

Predikanten Zending Vereeniging der NG Kerk in Zuid Afrika. 1903. Ongepubliseerde Notule van vergadering, 27 Januarie. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 597.]

*Prospectus Huguenot College and Seminary.* 1899–1900. Cape Town: Townshend, Taylor and Snashall. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

Retief JA 1951. *Ontdekkings in Midde-Afrika.* Stellenbosch: Christen-Studenteverenigingmaatskappy van Suid-Afrika.

*The Huguenot Seminary.* 1881. Boston: Frank Wood. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 621.]

*The Huguenot Seminary Annual* (Jubileum uitgawe), 1898. "Our Environment" (:31–33). [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV: 636 A.]

Van der Merwe, JDG 1973a. Andrew Murray, profeet. In Le Roux, PO, Gaum, FM, Laubsher, W, Swart, M, Van der Merwe, F, Du Plessis, M, Visser, M, De Bruyn, B, Engelbrecht, H en Malan, M. (Reds). 1973. *Die Hugenote-Kollege van die Ned. Geref. Kerk 100 jr Feesblad.* Wellington: Bybelkor: 8–10.

Van der Merwe, JDG 1973b. Die Hugenote-Kollege – verlede, hede, toekoms. In Le Roux, PO, Gaum, FM, Laubsher, W, Swart, M, Van der Merwe, F, Du Plessis, M, Visser, M, De Bruyn, B, Engelbrecht, H en Malan, M. (Reds). 1973. *Die Hugenote-Kollege van die Ned. Geref. Kerk 100 jr Feesblad.* Wellington: Bybelkor: 10–12.

Van Beek, P 2010. Buitenbeentjes in de kerk: vrouwenschrijvers Susanna Smit, Maria Neethling, Ella Neethling en Willemien Appel in het licht van internationale vrouwengeschiedenis. In *NGTT* (51 Supplementum. Teologie 150+ en Calvyn 500), 2010: 201–222.

Van Gelderen, John 2014. *The great revival of 1860.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://revivalfocusforum.com /2014/08/06/the-great-revival-of-1860

Van Wijk, AJ 1964, (Samesteller). *Na Vyf-en-Sewentig jaar 1889–1964.* Kaapstad: Die Hoofbestuur van die Vroue-Sendingbond, 31. [NG Kerk in SA: Argief: G 295 VROU.]

Vlok TCB. 1901. *Elf jaren in Midden Africa.* Neerbosch (Holland): Weesinrichtening. [NG Kerk in SA: Argief: B 10093 AM.]

Vrouesendingbond (VSB) Hoofbestuur. 1939. *Na Vyftig Jaar [1889–1939].* Kaapstad: Nasional Pers Beperk. [NG Kerk in SA: Argief: G296 VROU.]

Waite, CE 1900. The Ideal Mission Class Student. *The Huguenot Seminary Annual.* [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]

Wells, AM 1874–1886. Ongepubliseerde briewe van mej Annie Wells. Hugenote Dames Seminarie, Wellington. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 605.]

Wells, AM 1875. Ongepubliseerde brief aan ouers, November 1875. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 605.]

Woman's Christian Temperance Union. 1925. *A Brief History of the Woman's Christian Temperance Union in South Africa*. Cape Town: Townshend, Taylor and Snashall. [NG Kerk in SA: Argief: K-DIV 636 A.]